# Inhoud

## Kwartaal 1: Week 6 tot 10

**Storie 1:**
Dit is nie oukei nie! ................ 2



**Storie 2:**
Moenie met vuur speel nie.... 12



**Storie 3:**
Ek vlieg op 'n komeet........... 22



EXTRACT PAGES

# Dit is nie oukei nie!



EXTRACT PAGES

Kolonel Motsepe van die polisie praat vandag met die kinders oor hulle regte en verantwoordelikhede. “Ons grondwet gee elkeen van ons die reg op beskerming. Almal het die reg om in ’n veilige omgewing te woon en skool te gaan. Kyk mooi na die prentjies wat op die skerm verskyn. Julle moet dan sê ‘oukei’ of ‘nie oukei nie’,” verduidelik sy.



EXTRACT PAGES

Die eerste prent verskyn op die skerm.
“Nie oukei nie!” roep die leerders uit.
“Mooi! Dit is nooit oukei om kinders of enigiemand anders te slaan nie. Nie eens jou ouers mag jou slaan nie,” sê die kolonel.
“Geweld is nooit die antwoord nie. Dit is altyd beter om ’n saak kalm te bespreek. Dit verg meer moed as om te raas of te slaan.”



Die tweede prent verskyn.
"Nie oukei nie. Dis wreed," sê die kinders.
"Sy word afgeknou omdat sy anders is. Hoe kan die kinders beter optree?" vra die kolonel.
"Hulle kan haar troos en haar tas help dra," sê Kosie.
"Ons moet mekaar aanvaar en ander help waar ons kan," sê die kolonel.

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

"Wat van hierdie een?" vra kolonel Motsepe.
"Dit is gevaarlik en nie oukei nie," sê die kinders.
Die kolonel gaan voort: "Moenie vreemde mense se stories glo nie. Daar is mense wat kinders wil seermaak.
As 'n vreemde persoon vir jou goed belowe en jou wil oplaai, hardloop weg so vinnig as wat jy kan en vertel dadelik 'n grootmens daarvan," waarsku die kolonel.



EXTRACT PAGES

Die saal is eers doodstil, en toe roep almal hard.
“Dit is nie oukei nie!”
“Dit is verkeerd om diere seer te maak of te tart,” sê die kolonel. As jy so iets sien, dan is dit jou plig om ’n grootmens daarvan te vertel,” sê sy.
“Dit is ons verantwoordelikheid om ons diere goed te versorg.”



“Dis ouker!” roep almal.
“Heeltemal reg, julle! Sy het hard gewerk op skool. So bou sy ’n goeie toekoms vir haarself,” sê kolonel Motsepe.
“Om skool te gaan, is julle reg. Dit is ook julle verantwoordelikheid om elke dag jul bes te doen,” sê sy.

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

"Dis nie oukei nie!" roep die kinders.
Sommige van die seuns begin te proes en giggel.
Kolonel Motsepe kyk kwaai na hulle.
"Kinders onder 18 mag nie rook of alkohol gebruik nie," sê sy. "Dit is teen die wet."



EXTRACT PAGES

"Nie oukei nie!" roep almal weer gelyk uit. "Grootmense mag nie kinders gebruik om te bedel nie. Kinders jonger as 16 moet in die skool wees. Dit is 'n misdaad om jong kinders te laat werk," sê kolonel Motsepe. "Skoolwerk en takies in en om die huis is egter oukei!" lag sy. "Julle moet beslis julle ouers so nou en dan in die huis help."



EXTRACT PAGES

"Wat as ek weet van iets wat nie oukei is nie?" vra 'n meisie.
"Daar is 'n paar dinge wat jy kan doen. As iets jou bedreig of onveilig laat voel, vertel 'n grootmens wat jy vertrou."
"Kan ons die polisie bel?" vra die meisie.
"Beslis," sê kolonel Motsepe. "Die polisie is daar om jou help."




Kolonel Motsepe sluit af: “Julle weet nou wat is oukei en wat nie. Onthou dat jy regte het, maar ook verantwoordelikhede teenoor jouself, ander mense en die omgewing.”
Kolonel wys na die skerm:
“Stoor die nommers op jou foon of bêre dit iewers veilig. Onthou: Wees altyd wakker, waaksaam en verantwoordelik.”

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Vir wie moet jy bel as jy sien iemand doen iets wat verkeerd is?
2. Wat is die polisie se nommer?
3. Dink jy dit is oukei om ander mense te spot? Hoekom of hoekom nie?



EXTRACT PAGES

Libbie bars skielik by die voordeur in.
“Mamma Sarie! Mamma Ranie!” roep sy.
“Wat is fout, Libbie?” vra Ma Ranie.
“Tannie Bashni het seergekry. Sy en oom Ters is hospitaal toe,” hyg Libbie.





EXTRACT PAGES

"Ag nee, wat het gebeur?" vra Ma Sarie.
"Daar was 'n brand in hulle kombuis," antwoord Libbie.
"Hoe het dit gebeur?" vra Ma Ranie geskok.
"Ek weet nie, maar Milia is alleen by die huis," sê Libbie.
"Kom, ons moet gaan help," sê Ma Sarie.
Ma Ranie bel solank vir oom Ters om te hoor wat gebeur het.



EXTRACT PAGES

Milia maak die deur oop toe Ma Sarie klop. Milia wys vir hulle die kombuis. Die mure en dak is swart gebrand en dit ruik na rook. In die wasbak lê 'n swart verbrande pot. Daar is water op die vloer en stukke kerswas op die kas.



EXTRACT PAGES

“Maak jou ma haar eie kerse?” vra Libbie.
“Ja,” sê Milia. “Sy smelt die kerswas in die pot, dan gooi sy dit in die blikkies.”
Milia wys na rye blikkies op ’n skinkbord.
’n Kerspit hang aan ’n stokkie in elke blikkie.
“Sy is baie versigtig. Ek mag nooit help nie, want sy is bang ek brand,” sê Milia.
“Ters en Bashni is op pad huis toe,” laat weet Ma Ranie.